Oorsig van Handelinge

Hier is ’n oorsig oor die Handelinge van die apostels, Lukas se tweede boek wat in die NT opgeneem is:
Handelinge is deel twee van die verhaal van Lukas (op ‘n aparte boekrol). Dit vertel die storie van die **redding** deur Jesus soos dit deur die Gees en die kerk voortgesit word van Jerusalem af tot in Rome.

Lukas beklemtoon hier:

- Die goeie nuus van God se redding deur Jesus is vir beide Jode en heidene.
- Die Ou Testamentiese beloftes word daardeur vervul.
- Die Heilige Gees begelei die kerk in die verspreiding van die evangelie.
- Die kerk val in by God se reddingsplan wat die heidene insluit.
- Hierdie redding is God se saak en niks kan dit keer nie.
- Die goeie nuus word deur sommige met vreugde aanvaar en deur ander met woede verwerp.

Indeling:

Lukas laat die twee dele van sy verhaal – Lukas en Handelinge – baie vernuftig met mekaar korrespondeer:

- Handelinge 1-12 vertel van die verspreiding van die evangelie en korrespondeer met Lukas 1-9 – die geografie is net omgekeer: dit begin in die stad Jerusalem en versprei na die platteland in Judea.
- Handelinge 13-20 is ook ‘n reisverhaal en korrespondeer met Lukas 10-19 – Paulus neem die evangelie na Asië en Europa (op pad na Rome – soos Jesus op pad na Jerusalem).
- Handelinge 21-28 vertel ook van ‘n verhoor en korrespondeer met Lukas 20-24 – Paulus verskyn voor dieselfde drie tribunale as Jesus (die Joodse Sanhedrin [Luk 22/Hand 22], die Romeinse goewerneur [Luk 23/Hand 25], en een van die Herodes konings [Luk 23/Hand 25 {Julius Markus Agrippa}]) – die resultaat is dat die evangelie tot in die hart van die Romeinse ryk versprei.

Die verhaal fokus op die beweging van die evangelie van Jerusalem na Rome. Die goeie nuus van God se redding word aan alle mense aangebied in vervulling van die belofte aan Abraham (Hand 3:25 – “jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot ‘n seën wees” – Gen 12:2-3) en die visie van die profete (Hand 15:17 – “al die heiden nasies” – Amos 9:11-12).

Dit is verdeel in 6 hoofstukke deur Lukas se opsommende opmerkings in 6:7, 9:31, 12:24, 16:5 en 19:20. Elke keer is dit asof Lukas 'n pouse daarmee skep voor die verhaal in 'n nuwe rigting beweeg: geografies, etnies, eties, en/of polities:

- 1:1-6:7 – die goeie nuus oor Jesus versprei na ander **Jode** in Jerusalem
- 6:8-9:31 – die goeie nuus oor Jesus versprei geografies na **Jode in Judea, Galilea en Samaria sowel as Afrika** (Etiopiese amptenaar) met die Griekssprekende evangelis Filippus wat 'n groot rol speel.
- 9:32-12:24 – die eerste **etniese uitbreiding na heidene** (Kornelius) vind plaas in Sesarea (Noord-Palestina) en Paulus kom tot bekering op die pad na Damaskus.
- 12:25-16:5 – die **goeie nuus versprei na Asië** met Paulus en Barnabas se eerste sendingreis en bring etiese vraagstukke na vore wat deur die Jerusalem "sinode" (hfst. 15) besleg word.
- 16:6-19:20 – **die goeie nuus versprei na Europa** deur twee verdere sendingreise van Paulus wat tot gevolg het dat die kerk al hoe meer uit Christene uit heidense volkere bestaan.
- 19:21-28:31 – op die derde sendingreis besluit Paulus om na Jerusalem te gaan en het die vervolging daar tot gevolg dat die **evangelie ook polities begin versprei om uiteindelik Rome, die hoofstad van die Romeinse ryk bereik.**

Ons begin hierdie week lees aan die **Handelinge van die apostels**, Lukas se tweede boek en vervolg op sy evangelie, gerig aan dieselfde persoon Teofilus.

Hy fokus hier op die **redding** wat Jesus bring aan die wêreld, van Jerusalem af (hfst. 1) tot in Rome (hfst. 28). En ons leer hier dat die goeie nuus van God se redding vir beide Jode en heidene is. Soos ons ook gaan agterkom, is hierdie redding **God se saak** en niks kan dit keer nie, hoewel dit steeds, soos in die evangelie van Lukas deur sommige met woede verwerp sal word.

Verfris net weer jou geheue deur die oorsig oor Handelinge en die riglyne vir die leeswerk te lees.

Die groot prentjie is as volg:

- **Handelinge 1-12 vertel van die *verspreiding* van die evangelie**: dit begin in die stad Jerusalem en versprei na die platteland in Judea.
- **Handelinge 13-20 is 'n *reisverhaal*:** Barnabas en Paulus neem die evangelie na Asië en Paulus na Europa saam met 'n hele aantal ander gelowiges.
- **Handelinge 21-28 vertel van die *verhoor* van Paulus wat die evangelie tot in Rome laat versprei:** Paulus verskyn voor dieselfde drie tribunale as Jesus (die Joodse Sanhedrin [Luk 22/Hand 22], die Romeinse goewerneur [Luk 23/Hand 25], en een

van die Herodes konings [Luk 23/Hand 25 {Julius Markus Agrippa}]) – die resultaat is dat die evangelie tot in die hart van die Romeinse ryk versprei.

Ons lees die boek in 6 weke deur wat korrespondeer met die **6 dele** van Handelinge, op grond van Lukas se opsommende opmerkings in 6:7, 9:31, 12:24, 16:5 en 19:20. Elke keer skep Lukas daarmee 'n pouse voor die verhaal in 'n nuwe rigting beweeg: geografies, etnies, eties, en/of polities:

Let op vir die volgende aksente van Lukas in Handelinge:

- Die verhaal is steeds oor **Jesus**, soos die inleiding in hoofstuk 1-2 aandui.
- Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen Jesus en die **Gees** – en die Gees is uiteindelik verantwoordelik vir elke groot draaipunt in die verhaal.
- Die evangelie is **God se saak** – en niks kan dit verhinder nie!
- Die evangelie versprei **horisontaal** na die heidene – dié wat deur die Joodse eksklusiwiteit gemarginaliseer is (anders as in die eerste verhaal waar die vertikale impak van die evangelie op alle Jode vertel word).
- Die **kerk** word al hoe meer saamgestel uit gelowiges uit die heidense volke – terwyl die Jode in die diaspora (verstrooiing na die ballingskap) en die Joodse leiers in Jerusalem die teenstand aanvuur.

Handelinge 1:1-26 – Wag op die gawe van die Heilige Gees

Die verspreiding van die goeie nuus oor Jesus begin uiteraard in Jerusalem, die plek waar God Homself deur die eeue geopenbaar het. Let op hoe die fondasie van die kerk se werk verbind word aan 1) die lewe van Jesus, alles wat Hy gedoen en geleer het, 2) die lyding, sterwe en opstanding van Jesus, 3) die nuwe lewe van Jesus wat Hy met "baie onbetwisbare bewyse" aan hulle gedemonstreer het, 4) die belofte en gawe van die Heilige Gees waarsonder hulle die werk nie kan aanpak nie, 5) die beskrywing van die binnekring dissipels as apostels – dws gestuurdes, en 6) die verkiesing van 'n 12de apostel om simbolies die 12 stamme van Israel te verteenwoordig.

Let ook op dat hulle nou in huise begin bymekaarkom, die begin van die skuif van die teenwoordigheid van God nie net in die tempel nie, maar in elke huis waar Hy gedien word. Hoewel die eerste fase van hulle werk steeds gereeld by die tempel sal plaasvind, sal dit toenemend in huise wees regdeur die Romeinse ryk.

Dit is ook opmerklik dat vroue en mans saam bid, terwyl dit nie die gebruik in die Joodse sinagoges was nie. Soos Jesus uiteindelik die heidene deelmaak van Sy kerk, só doen Hy dit van die begin af met mans en vroue.

Die opdrag van Jesus aan die apostels om te wag (vir die gawe van die Heilige Gees), spreek my vanoggend sterk aan. Natuurlik wag ons nie meer presies soos hulle op die uitstorting van die Heilige Gees nie. Ons het Hom as gelowiges immers ontvang en word daagliks deur Hom vervul. Maar dit beklemtoon ook die voordurende ingesteldheid om nie op eie inisiatief en met eie insig die werk van die Here te probeer doen nie. Dit is juis wanneer ons stil genoeg raak en wag op die leiding van die Here dat ons begin raaksien waar Hy werk en Sy stem hoor om daarby betrokke te raak.

Dit tref my ook besonderlik dat Sy broers hierdie keer by is en deelneem aan die eensgesinde gebed. Josef word nie genoem nie, wat waarskynlik beteken dat hy al dood is. Jakobus, die een broer van Jesus, sal in die loop van die verhaal ’n baie belangrike en ook leiers rol begin speel in die vroeë kerk.

Die verwysing na Judas is ietwat grusaam met die beskrywing van wat met hom gebeur het. Dit verskil ook van die prentjie wat Matteus skets (27:5 – opgehang). Augustinus het gereken dat albei beskrywings waar was, dat Judas hom opgehang het, en later op die grond geval en oopgebars het. Maar ons weet nie regtig wat presies daar gebeur het nie.

Jy is welkom om die twee Psalms, Psalm 69 en 109, wat in vers 20 aangehaal word, te gaan lees, veral vir die breër prentjie wat dit jou sal gee vir wat met die lyding van die Messias reeds lank tevore voorspel is. Hierdie aanhalings bevestig ook weereens dat wat ons in die voortgaande verhaal van Jesus sien, ook die Ou Testamentiese beloftes vervul. Dit bevestig die enorme betekenis van Jesus se voortgaande werk.

’n Mens kan ook sien dat die kerk van die begin af inval by God se reddingsplan wat die heidene gaan insluit, hoewel dit ’n rukkie vir die kerk sal duur voor die insluiting van die heidene met oorgawe omhels word.

Handelinge 2:1-47 – Die Heilige Gees maak alle gelowiges getuies

Die uitstorting van die Heilige Gees – 2:1-13

Die uitstorting van die Heilige Gees vind plaas op Pinksterdag, 50 dae na Jesus se kruisiging en opstanding op die Paasfees, en 10 dae na Sy hemelvaart. Pinksterfees was ’n Joodse oesfees (Lev 23:15-16).

Die oorweldigende vervulling van al die gelowiges met die Heilige Gees is die teken dat Hy deur hulle die hele wêreld vol gaan maak van die getuienis van Jesus, die Christus. Die vuur wat verdeel in tonge bevestig dat hierdie evangelie oorvertel moet word en die tale-wonder bevestig dat dit vir alle mense bedoel is, soos 'n mens kan sien uit die vyftien-tal nasies wat daar teenwoordig is om die wonder te aanskou en die evangelie in hulle eie taal te hoor. Hierdie tale-wonder (verstaanbaar) is dus iets anders as die gawe van tale (onverstaanbaar) wat in 1 Korintiërs 12 en 14 van vertel word.

Petrus se toespraak – 2:14-36

Petrus tree saam met die ander apostels op, hoewel net sy woorde deur Lukas weergegee word. En dit is interessant dat hierdie eerste preek 'n drie-deling het, (wat in die volksmond as 'n goeie dominees preek bestempel word!):

- Hy verklaar wat gebeur het met die uitstorting van die Heilige Gees
- Hy beklemtoon die groot dinge wat God gedoen het, veral deur die opstanding van Jesus Christus
- Hy spel die implikasies daarvan vir die wêreld, dat Jesus die *Here* en die *Christus* is.

Die groot aantal Ou Testament beloftes wat Petrus hier aanhaal en aandui dat dit hier vervul word, is opmerklik en bevestig dat wat gebeur in lyn is met wat God reeds openbaar het in die verlede. Let veral op dat Petrus die profesie van Joël verbind aan die werk en bediening van Jesus, met presies dieselfde woorde: *wonders* en *tekens*. Dit wil lyk asof die kosmiese beskrywings met sy kragtige dade verbind word of dit kan natuurlik ook op die eindtyd vervulling dui.

Petrus doen ook moeite om die Skrif se voorspellings aan die opstanding en die hemelvaart van Jesus te verbind en daarmee die band met die Skrif te bevestig.

Die eerste oes – 2:37-42

Die eerste oes word op die Oesfees ingesamel, drieduisend bekeerlinge! Let op dat hulle bekering met drie dinge te make het: 'n wegdraai van die sonde (ook die sonde van die kruisiging), 'n doop in die Naam van Jesus, waarmee hulle aan Hom verbind word, en die gawe van die Heilige Gees (dieselfde Gees as wat hulle so pas gesien en ervaar het in die lewe van die apostels).

Dié boodskap is vir almal, spel Petrus dit vir hulle uit, ook vir dié wat daar ver is, waarmee waarskynlik die nie-Jode en heidene bedoel word, hoewel dit 'n tyd sou duur voor hulle hiervan werk sou maak.

Die eerste gemeente – 2:43-47

Wat vir my veral treffend is, is dat na die oorweldigende positiewe reaksie van die Jode, beskryf Lukas die werk van die apostels in dieselfde woorde as wat in die profesie van Joël gebruik word en met die bediening van Jesus in verband gebring word: *wonders* en *tekens*. Daarmee word twee goed gesê: 1) die dissipels sit Jesus se bediening voort in dieselfde krag en met dieselfde impak as wat Hyself dit gedoen het, en 2) die wonders het 'n teken-funksie, dit wys heen na God en verheerlik Hom, en staan dus nie op hulle eie soos wat 'n mens van 'n towenaar sou verwag nie.

Ses geestelike gewoontes vorm hierdie eerste gemeente se lewenspraktyk: die leer van die apostels (didage) wat duidelik die Skrifte ingesluit het, die onderlinge verbondenheid (koinonia), die breek van die brood (eucharistie of nagmaal), gebede, byeenkomste in die tempel en gesamentlike etes. En al was die gemeente nie perfek nie – ons lees van 'n hele paar probleme in hoofstuk 5 en 6 – bly dié ses dissiplines die kern van die lewe van 'n gemeente.

Handelinge 3:1-26 – God gee geloof sodat ons kan glo

3:1-10

Dit is opmerklik dat die eerste fase van die dissipels se bediening steeds in die tempel plaasvind, dié tempel wat Jesus self "gereinig" het en in die laaste week van sy aardse bediening die mense geleer het (Luk 19-21). Die tempel is dan ook die plek waar die eerste wonder plaasvind in die bediening van die apostels. Let op hoe die verlamde man vir Petrus en Johannes *sien* – die normale woord vir kyk *eidoo* – en hulle hom dan *stip aankyk* – 'n woord wat die betekenis van toegespitste aandag oordra *antenizoo* (attentive). Hulle vra hom dan om na hulle te *kyk* – nog 'n Griekse woord *blepoo* wat ook die metaforiese betekenis kan dra *om met begrip te kyk.* Dit is wanneer hy só reageer, dws met verwagting, dat hulle hom die gawe van gesondheid in die Naam van Jesus gee.

Hierdie wonder het beteken dat hulle boodskap nou nie net deur die wonder van die Heilige Gees se uitstorting gerugsteun is nie, maar nou ook deur dieselfde wonders wat Jesus gedoen het. Binne dae het hulle bediening onder almal se aandag gekom, wat aan die een kant as teken gedien het dat Jesus se bediening voortgesit word deur die apostels in dieselfde krag waarmee Hy opgetree het. Maar aan die ander kant ook skerp teenstand van die godsdienstige leiers uitgelok het, iets wat natuurlik toenemend in Jesus se eie bediening gebeur het en tot sy dood gelei het, en wat hierna so fel sou toeneem dat daar 'n grootskaalse vervolging van die Christene sou uitbreek.

3:11-26

Petrus gebruik weereens die reaksie op die wonder (soos met Pinksterdag) om die evangelie aan die skare mense wat in die tempel is, te verkondig.

Let op hoe hy sy boodskap opdeel: 1) dat dieselfde Jesus wat hulle doodgemaak het, nou in sy opstandingskrag die genesing bewerk (3:11-16) en 2) hierdie Jesus is lank alreeds deur die profete aangekondig, en wil steeds tot ’n seën wees selfs vir dié wat Hom gekruisig het (3:17-26).

Dit tref my hoe Petrus oor geloof praat (vers 16). Hy belig die twee kante daarvan: 1) deur die geloof in sy Naam, het sy Naam genesing gebring – die geloof van Petrus in Jesus en die verwagting van die verlamde man vir wat Hy kan gee, het God tot aksie beweeg, en 2) die geloof is ’n gawe van God – dws Petrus kan glo, en die man kan van God iets verwag, omdat Hy in die eerste plek vir hulle dit moontlik gemaak het om te kan glo. Geloof is ’n leë hand wat ons na God uitsteek om op te tree. Dit is ook ’n gawe wat Hy gee sodat ons van Hom kan vra. Albei kante van geloof is waar en nodig in sy koninkryk.

Dit tref my ook dat Petrus werk met ’n baie nabye verwagting van Jesus se wederkoms. As die Jode tot inkeer kom en hulle tot Hom wend, sal Hy hulle seën en weer terugkom na hulle toe.

Handelinge 4:1-37 – Die Heilige Gees maak die eerste gemeente vrymoedig en vrygewig

4:1-22

Dit tref my hoe ’n belangrike rol die wonders en tekens speel in die eerste fase van die gemeente van Jerusalem se getuienis na hulle Joodse gemeenskap. Dit konfronteer die mense en veral die leiers met die aktiewe teenwoordigheid van God in die voortgang van die bediening van Jesus deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Daarop reageer ’n hele paar duisend Jode met oorgawe deur hulle tot die Here te bekeer en deel van die gemeenskap van gelowiges te word.

Dit is egter nie die geval met die Joodse leiers nie. Hulle reageer met onthutste woede en sluit die apostels op. Wanneer die apostels egter vir hulle verduidelik met Wie se krag hulle die wonders en tekens doen, en hulle nie juis kan ontken dat daar iets wonderliks gebeur het nie, probeer hulle die impak daarvan omseil deur hulle te dreig om nie verder in die Naam van Jesus te preek en werk nie.

Die Joodse leiers is ook verbaas met die vrymoedigheid van die apostels omdat die apostels ongeleerd en eenvoudig (die Griekse woord is *idiotes*) was. Lukas verbind hierdie vrymoedigheid egter aan die werk van die Heilige Gees, iets wat ons weer sal sien in die gesamentlike gebed na hierdie episode.

Let weer op hoe die Woord ‘n konstante metgesel bly in hulle verwoording van hulle geloof teenoor die Joodse Raad, en in hulle verwerking van wat gebeur het in hulle gebede in die volgende perikoop van hoofstuk 4.

4:22-31

Nadat die apostels vrygelaat is, vergader die gemeente eendragtig en bid, ironies genoeg, vir nog meer vrymoedigheid en die Gees se vervulling gee hulle presies dit. Let op hoe hulle die gebeure in die stad Jerusalem verbind aan wat Dawid lank tevore in Psalm 2 geskryf het, en dit deel van hulle gebed maak, dat God sal optree in situasie waarin hulle hul nou bevind, ’n tipe situasie wat Hy reeds lank tevore “voorspel” het. Hulle vra ook dat die tekens en wonders sal voortgaan, net soseer soos die vrymoedigheid waarmee hulle die boodskap van die evangelie verkondig.

4:32-37

Wat my veral tref, is dat hulle nie net in vrymoedigheid groei na buite toe nie, maar ook in vrygewigheid na binne toe. Hulle het die bande van vrees vir teenstand van buite afgegooi, maar ook die vreesagtigheid rondom hulle besittings en die behoud daarvan. ’n Groter passie het hulle beetgepak as die passie om oorlewing en sekuriteit. Hulle passie is om die Naam van Jesus oral te verkondig en heilig te lewe en heling te bring vir mense, alle mense.

Ons lees hier die eerste keer van Barnabas wat met sy eie vrygewigheid hierdie proses aangevuur het en die gemeente in staat gestel het om sy werk behoorlik te kan doen, ook die werk oor grense heen wat na die vervolging sou begin gebeur. Barnabas sal hierna ’n groot rol speel in die gasvrye intrek van Saulus, toe niemand van hom iets wou weet nie, sowel as in die bearbeiding van die gemeente van Antiogië wat sou lei tot die uitkringende invloed van die evangelie deur die sendingreise.

Handelinge 5:1-6:7 – Die kerk groei in heiligheid en helende krag

5:1-11

Die storie van Ananias en Saffira is erg ontstellend. Veral die feit van hulle dood, en dat in die geval van Saffira Petrus letterlik vir haar sê dat die dood haar straf sal wees. Dat hulle probeer het om die gelowiges en vir God mislei, is skreiend, en tugwaardig, maar die doodstraf onthutsend. Die gevolg is vrees onder die gelowiges sowel as die gemeenskap, waarskynlik in die sin van ontsag.

Dit illustreer iets van God se heiligheid wat ons vandag nie na waarde skat nie. Ons dink dat sy geduld met ons swakhede gelyk is aan ’n oorsien- en laat-maar-staan houding. Oral waar Hy regtig gedien word, en die koninkryk in Sy krag kom, word die standaard vir die gelowiges gelig, juis omdat hulle nader aan Hom leef en daarom met groter verantwoordelikheid en ontsag moet lewe vir wat God wil en doen. Niemand lieg vir God en kom uiteindelik daarmee weg nie.

Hierdie heiligheid is egter nie ’n afsonderingsaksie soos ons meer male daaroor dink nie. Dit is eerder ’n spesifieke manier van leef, ’n leef as kinders van die lig, waarin daar in ons eie en die gemeenskap se lewe nie vir die duisternis plek is nie. Die woord heilig kan daarom beter verstaan word as “om te straal” of “om te skitter” van God se karakter van heiligheid en heerlikheid.

5:12-16

Daarmee saam het die apostels ‘n groot wonderwerk en genesingsbediening begin opbou. Die *wonders en tekens* bediening word voortgesit. Die helende krag wat van hierdie heilige skitterende gemeenskap uitstraal verander mense se lewens radikaal. Aan die een kant lei die gebeure rondom Ananias en Saffira tot heling vir mense en tot ’n toename in geloof. Aan die ander kant neem die vrees en respek vir die dissipels toe onder dié wie se lewens eintlik ontbloot word deur die lig van God.

5:17-42

En dit is juis omdat hulle lewens die lig van God nie kan verdra nie, dat hulle vrees in ’n toenemende konflik en teëstand oorspoel, en ’n grootskaalse vervolging uitbreek. En let op, dit gebeur in die konteks van ‘n kerk wat groei in heiligheid en heling, ‘n kerk wat na binne en na buite met integriteit en impak lewe, maar wat onder die skoot kom van mense wat die duisternis liewer het as die lig.

Dit tref my hoe vervolging, soos hier, baie keer met afguns te make het, een van die oersondes van die mens.

Die Here gryp egter in en verlos sy mense uit die tronk en hulle sit hul bediening voort. Dit is opmerklik hoe die Joodse Raad reageer op die wonder van God se verlossing. Hulle is ontsteld oor hulle gesag uitgedaag word (Petrus-hulle verontagsaam hulle verbod op prediking) en hulle beeld voor die volk benadeel word (deurdat die dissipels die Joodse Raad en volk verantwoordelik hou vir Jesus se dood). Hulle mis so die betekenis van wat hier gebeur, dat God aan die werk is, en dat Hy hulle eintlik uitnooi tot bekering en nuwe lewe.

Gamaliël bring vir ‘n tyd ‘n bietjie redelikheid, wat die dissipels nog ‘n klein tydjie gee om voort te gaan met hulle bediening.

6:1-7

Die vrygewigheid wat in die gemeente posgevat het, en deur Barnabas gestimuleer is, versprei ook na die Griekse weduwees. Let op dat die gemeente begin besef dat daar sekere strukture nodig is, en dat dinge nie maar net op ‘n spontane manier gehanteer kan word nie. 7 manne word gekies om na die versorging om te sien.

Lukas beëindig die eerste fase van sy verhaal met die bekende frase: “Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem” waarna die evangelie oor sy eerste grense gaan begin spoel op pad om die wêreld te verower.